



BELEID OOR INLIGTINGSTELSELS EN SOSIALE MEDIA

1. Inleiding

Hierdie dokument is die beleid oor inligtingstelsels en sosiale media van Primêre Skool Universitas, soos wat die skoolbeheerliggaam dit goedgekeur het.

Die beleid is opgestel ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys, en die Wet op die Regulering van Onderskepping van Kommunikasie en die Voorsiening van Kommunikasieverwante Inligting 70 van 2002.

Die doel van die beleid is om die gebruik van die skool se inligtingstelsels vir die oordrag van enige kommunikasieverwante inligting, sowel as die toepaslike gebruik van sosialemediaplatforms deur opvoeders, nie-opvoeders en leerders te reguleer. Die skool erken die ontwikkeling van sosiale media as 'n kommunikasiemiddel, maar besef terselfdertyd dat dit slegs optimaal gebruik kan word indien dit verantwoordelik geskied. Die skool respekteer die individuele privaatheid van opvoeders, nie-opvoeders en leerders. Tog sluit hierdie privaatheid nie hul werksverwante gedrag of die gebruik van toerusting, hulpbronne of voorraad van die skool in nie.

Ingevolge die Wet op die Regulering van Onderskepping van Kommunikasie en die Voorsiening van Kommunikasieverwante Inligting 70 van 2002 "kan enige persoon enige kommunikasie onderskep indien hy of sy 'n party is tot die kommunikasie, tensy sodanige persoon sodanige kommunikasie onderskep ten einde 'n misdryf te pleeg".¹ Die skool kan dus enige kommunikasie onderskep wat deur die skool se inligtingstelsels of sosialemediaplatforms gestuur word en wat na enige inligting met betrekking tot die skool verwys.

Toepassing

Hierdie beleid geld vir alle gebruikers van die skool se inligting en inligtingstelsels. Dit geld ook vir die verwoording van menings en kommentaar op sosiale media deur opvoeders, nie-opvoeders en leerders wat op enige manier met die skool verbind kan word.

Woordoms krywing

Inligtingstelsels - die stelsels wat bestaan uit die netwerk van alle kommunikasiekanale wat in die skool gebruik word.

IT - inligtingstegnologie.

¹ Artikel 4(1), vry vertaal.

Onderskep - die ouditiewe of ander verkryging van die inhoud van enige kommunikasie op enige manier ten einde sekere of alle inhoud van 'n kommunikasie tot iemand buiten die sender of veronderstelde ontvanger se beskikking te stel, en sluit in die –
(a) monitering van enige sodanige kommunikasie deur middel van 'n moniteringstoestel;
(b) besigtiging, ondersoek of inspeksie van die inhoud van enige indirekte kommunikasie; en
(c) wegkering van enige indirekte kommunikasie van sy veronderstelde bestemming na enige ander bestemming.

Skool - die skoolbeheerliggaam sowel as enige persoon aan wie bepaalde gesag of funksies ingevolge hierdie beleid gedelegeer is.

Skoolbestuur - die skoolhoof of 'n lid van die skoolpersoneel aan wie die skoolhoof bevoegdheid gedelegeer het.

Sosiale media - die metode van interaksie tussen mense waartydens hulle inligting en idees in virtuele gemeenskappe en netwerke skep, deel en uitruil. Sosiale media kan teks, oudiomateriaal, videomateriaal, beeldmateriaal, podsendinge en ander multimediamunikasie insluit.

Stelselhardeware - enige meganiese of elektroniese toestel wat aan 'n rekenaarsstelsel gekoppel is, met inbegrip van die sentrale verwerkingseenheid en bygevoegde of bykomstige toestelle soos drukkers en eksterne skyfaandrywers.

Stelselsagteware - rekenaarsagteware wat ontwerp is om die rekenaardhardeware te bedryf en te beheer en om 'n platform te bied waarop toepassingsagteware kan werk.

Algemeen

Die skool se rekenaar- en kommunikasiestelsels is oor die algemeen slegs vir amptelike skooldoeleindes bedoel. Nietemin is toevallige persoonlike gebruik toelaatbaar indien die gebruik nie meer as 'n geringe hoeveelheid hulpbronne in beslag neem wat andersins vir amptelike doeleindes gebruik sou kon word nie; nie met werkerproduktiwiteit inmeng nie; nie aan enige skoolaktiwiteit afbreuk doen nie, en nie nood, regsprobleme of moreelprobleme vir die skool se - én ander - opvoeders, nie-opvoeders en leerders veroorsaak nie.

Alle stelselhardeware en -sagteware is die eiendom van Primêre Skool Univeristas. Die skool is die wettige eienaar van die inhoud van alle lêers wat op sy rekenaar- en netwerkstelsels gestoor is, sowel as alle boodskappe wat deur middel van hierdie stelsels versend word. Die skool behou die reg om sonder voorafkennisgewing toegang tot hierdie inligting te bekom wanneer daar ook al 'n werklike bedryfsbehoefte bestaan. Die skool behou die reg om stelsels van tyd tot tyd te oudit om voldoening aan hierdie beleid te verseker.

Die skool kan lêers, waaronder elektroniese pos (e-pos), na eie goeie denke ondersoek, verskuif of uitwis vir die doeleinde van stelselinstandhouding of indien die lêers die stelsel of sy gebruikers hetsy opsetlik of onbewustelik ontwig.

Die skool bied hoegenaamd geen waarborge, hetsy uitdruklik of geïmpliseerd, vir die dienste wat hy voorsien nie.

Die skool sal nie verantwoordelik wees vir enige skade wat op hierdie stelsel gely word nie, met inbegrip van die verlies van persoonlike data weens stelselonderbrekings of onverantwoordelike stelselgebruik. Die skool is nie verantwoordelik vir aanstootlike materiaal wat enige gebruiker met behulp van die skool se inligtingstelsels bekom nie.

Internetbeleid

Internettoegang sal toegestaan word aan werknemers met 'n geregverdigde behoefte daaraan, en gebruikers moet formeel daarom aansoek doen. Alle internetverbindings sal deur die goedgekeurde internetdiensverskaffer van die skool voorsien word. Enige ander verbindings is verbode.

Internetgebruik is 'n voorreg, wat die aanvaarding van verantwoordelikhede en verpligtinge onderworpe aan staatsbeleid en -wette impliseer. Aanvaarbare gebruik moet wettig en eties wees en intellektuele eiendom, eienaarskap van data, stelselsekureitsmeganismes en individuele regte op privaatheid en vryheid van intimidasie, teistering en ergernis respekteer.

Gebruikers sal onderworpe wees aan beperkings op hul internetgebruik, soos wat die toepaslike toesighoudende gesag bepaal. Om die skool teen onbehoorlike en onbetaamlike materiaal te beskerm en die gebruik van bandbreedte te beperk, sal alle internetgebruik deur webinhoudsfiltreersagteware gemoniteer word.

Inhoudsfiltreersagteware sal keer dat gebruikers toegang kry tot sekere webtuistes wat buite die bedrywighede van die skool val. Alle webtuistes wat seksueel eksplisiete, onbetaamlike en ander moontlik aanstootlike materiaal bevat, sal deur middel van die instaanbediener geblokkeer word.

Die skoolbestuur behou die reg om cache-lêers op die webleser, webleserboekmerke en ander inligting wat op die rekenaars van die skool geberg word of daardeur beweeg in enige stadium en sonder voorafkennisgewing te ondersoek. Sodanige bestuurstoegang verseker voldoening aan interne beleid, help met interne ondersoeke, en bied bystand in die bestuur van die skool.

Die skool maak tans gebruik van die volgende goedgekeurde platforms vir amptelike skoolkommunikasie. Die goedgekeurde sosialemediatuistes kan slegs vir amptelike skoolverwante kommunikasie gebruik word :

1. E-pos
2. Whatsapp groepe (klasgroepe en aktiwiteitsgroepe)
3. Facebook-blad
4. D6 Connect Kommuniqueerder

1. E-posbeleid

Die skool waarborg nie die privaatheid of vertroulikheid van enige e-pos nie. E-posgebruik wat hierdie of enige skoolbeleid skend, is verbode.

Enige e-posgebruik wat nie die beeld en reputasie van die skool weerspieël nie, is verbode. Die gebruiker het die alleenverantwoordelikheid vir alle versendings vanaf sy/haar toegekende e-posadres. Die verdoeseling of wanvoorstelling van name, adresse of affiliasies in e-pos is verbode. E-posgebruik vir kommersiële doeleindes is

verbode. E-posgebruik wat dreigend, aanstootlik of vir die doeleindes van teistering bedoel is, is verbode. E-pos is deel van die bedryfs- of administrasiegeskiedenis van die skool, en kan dus aan inspeksie onderworpe wees.

2. Whatsapp groepe :

Die boodskap wat die skool aan ander gebruikers wil oordra, moet duidelik omskryf wees. Publikasies moet wettig, eties en eerbiedig wees.

Opvoeders, nie-opvoeders en leerders mag nie aan aanlynkommunikasie deelneem wat die skool se naam oneer kan aandoen nie. Persoonlike besonderhede van opvoeders, nie-opvoeders, leerders en ouers mag nie bekend gemaak word nie.

Whatsapp groepe vir kommersiële doeleindes is verbode.

Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir swak sekuriteitstellings op die sosialemediaprofiel van enige persoon wat aan die skool verbonde is nie.

Indien enige opvoeder, nie-opvoeder, leerder of ouer 'n opmerking, foto of video op enige sosialemediaplatform publiseer wat die skool se naam kan skade doen, en 'n verbintenis met die skool is bekend of word geïdentifiseer of aanvaar, sal sodanige opvoeder, nie-opvoeder of leerder onderworpe wees aan dissiplinêre en regsaksie. Regstappe kan ook gedoen word teen 'n ouer wat die skool se naam in gedrang bring.

Alle inligting wat gepubliseer word, moet akkuraat wees, en vertroulike inligting mag nie bekend gemaak word nie. Kopieregsette moet nagekom word. Leerder-/Ouerbesonderhede mag nie via Whatsapp aan ander ouers bekendgemaak word nie (sien Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 -POPI).

Slegs die amptelik bemarkingsmateriaal van die skool mag gebruik word. Verklarings in die media moet eers deur die beheerliggaam goedgekeur word.

Alle voordele met betrekking tot skoolinligtingstelsels sal summier beëindig word indien 'n opvoeder of nie-opvoeder nie meer dienste aan die skool lewer nie, of indien 'n leerder die skool verlaat. Die skool behou die reg om enige gebruiker se voordele te eniger tyd terug te trek.

Gedrag wat met die normale en behoorlike bedryf van inligtingstelsels inmeng, 'n nadelige invloed het op ander se vermoë om hierdie inligtingstelsel te gebruik, of skadelik of aanstootlik is vir ander, is verbode.

3. Facebook-blad :

Die boodskap wat die skool aan ander gebruikers wil oordra, moet duidelik omskryf wees. Publikasies moet wettig, eties en eerbiedig wees en die skool se beeld bevorder.

Opvoeders, nie-opvoeders en leerders mag nie aan aanlynkommunikasie deelneem wat die skool se naam oneer kan aandoen nie.

Persoonlike besonderhede van opvoeders, nie-opvoeders, leerders en ouers mag nie bekend gemaak word nie. Opvoeders, nie-opvoeders, leerders en ouers behoort daarop te let dat die skool van tyd tot tyd foto's op sosialemediatuistes kan deel wat gedurende amptelike skoolaktiwiteite geneem is. Leerder-/Ouerbesonderhede mag nie op Facebook geplaas word sonder skriftelike toestemming wat deur die ouers verleen is nie (sien Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 -POPI).

Ouers wat reeds skriftelik toestemming gegee het dat sy/haar leerder op sosiale media mag verskyn se name word op 'n amptelike lys geplaas. Die lys van leerders wat nie op sosiale media mag verskyn nie sal jaarliks in die personeelkamer en op Tjoknet beskikbaar wees en sal jaarliks opdateer word.

Gebruikers van hierdie sosialemediatuistes word aangeraai om hul sekuriteitstellings na te gaan indien hulle publikasies waarin hulle ge-“tag” is, wil hersien. Opvoeders, nie-opvoeders en leerders word aangeraai om ander gebruikers se toegang tot hul profiele te blokkeer indien hulle nie sodanige ander gebruikers ken of met hulle geassosieer wil word nie.

Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir swak sekuriteitstellings op die sosialemediaprofiel van enige persoon wat aan die skool verbonde is nie.

Plasings op die Facebook-blad vir kommersiële doeleindes is verbode.

Indien enige opvoeder, nie-opvoeder, leerder of ouer 'n opmerking, foto of video op enige sosialemediaplatform publiseer wat die skool se naam kan skade doen, en 'n verbintenis met die skool is bekend of word geïdentifiseer of aanvaar, sal sodanige opvoeder, nie-opvoeder of leerder onderworpe wees aan dissiplinêre en regsaksie. Regstappe kan ook gedoen word teen 'n ouer wat die skool se naam in gedrang bring.

Alle inligting wat gepubliseer word, moet akkuraat wees, en vertroulike inligting mag nie bekend gemaak word nie. Kopieregwette moet nagekom word. Slegs die amptelik bemarkingsmateriaal van die skool mag gebruik word. Verklarings in die media moet eers deur die beheerliggaam goedgekeur word.

Alle voordele met betrekking tot skoolinligtingstelsels sal summier beëindig word indien 'n opvoeder of nie-opvoeder nie meer dienste aan die skool lewer nie, of indien 'n leerder die skool verlaat. Die skool behou die reg om enige gebruiker se voordele te eniger tyd terug te trek.

Gedrag wat met die normale en behoorlike bedryf van inligtingstelsels inmeng, 'n nadelige invloed het op ander se vermoë om hierdie inligtingstelsel te gebruik, of skadelik of aanstootlik is vir ander, is verbode.

Die volgende plasings sal op 'n weeklikse basis op die skool se amptelike Facebook-blad geplaas word :

- Tjokkie van die week
- Uitsonderlike prestasies van personeel of leerders
- Spesiale gebeurtenisse by die skool (spesiale dae)
- Personeellede se verjaarsdae

- Plasings van sportdae en kultuuraktiwiteite vir bemarkingsdoeleindes
- Dankie-sê plasings aan borge van die skool

4. D6 - Kommuniqueerder

Die boodskap wat die skool aan ander gebruikers wil oordra, moet duidelik omskryf wees. Publikasies moet wettig, eties en eerbiedig wees en die skool se beeld bevorder.

Opvoeders, nie-opvoeders en leerders mag nie aan aanlynkommunikasie deelneem wat die skool se naam oneer kan aandoen nie.

Persoonlike besonderhede van opvoeders, nie-opvoeders, leerders en ouers mag nie bekend gemaak word nie.

Alle inligting wat gepubliseer word, moet akkuraat wees, en vertroulike inligting mag nie bekend gemaak word nie. Kopieregwette moet nagekom word. Slegs die amptelik bemarkingsmateriaal van die skool mag gebruik word. Verklarings in die media moet eers deur die beheerliggaam goedgekeur word.

Alle voordele met betrekking tot skoolinligtingstelsels sal summier beëindig word indien 'n opvoeder of nie-opvoeder nie meer dienste aan die skool lewer nie, of indien 'n leerder die skool verlaat. Die skool behou die reg om enige gebruiker se voordele te eniger tyd terug te trek.

Gedrag wat met die normale en behoorlike bedryf van inligtingstelsels inmeng, 'n nadelige invloed het op ander se vermoë om hierdie inligtingstelsel te gebruik, of skadelik of aanstootlik is vir ander, is verbode.

Die volgende plasings sal op 'n weeklikse basis op die skool se amptelike d6-Connect Komuniqueerder geplaas word :

- Weekblad
- Eksamen- of Toetsroosters
- Belangrike datums op die D6 kalender
- Algemene dokumentasie van die skool
- Algemene kommunikasie aan ouers soos deur skoolhoof/aktiwiteitshoof versoek

Aanvaarding van persoonlike aanspreeklikheid

Enigeen wat 'n inligtingstelsel van die skool gebruik, sal verantwoordelik en aanspreeklik wees om die aanbevole prosedures te volg en om alle redelike stappe te doen om die inligting wat deur daardie stelsel hanteer word, sowel as enige verbandhoudende sensitiewe bates, te beskerm. Die gebruiker het die alleenverantwoordelikheid vir alle materiaal wat deur middel van skoolgebaseerde rekenaars besigtig, gestoor of versend word. Die skool verwag egter van gebruikers om aan alle skoolreëls te voldoen. Versuim om dit te doen, kan tot die opskorting of terugtrekking van 'n gebruiker se toegangsvoorregte sowel as tot dissiplinêre maatreëls, onder meer die moontlikheid van siviele en/of strafregtelike aanspreeklikheid, aanleiding gee. Opvoeders en nie-opvoeders wat versuim om aan

hierdie beleid te voldoen, sal onderworpe wees aan dissiplinêre verrigtinge ingevolge hetsy die griewe- en dissiplinêre prosedure van die skool of prosedures van die Departement van Basiese Onderwys. Leerders wat versuim om aan hierdie beleid te voldoen, sal onderworpe wees aan die skool se gedragskode vir leerders.

Beleids wysigings

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, aanpas of verander.

GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 24 AUGUSTUS 2021.

Mnr JM Kriel
Voorsitter van die Beheerliggaam